# HOOFSTUK VI.

## DAADWERKLIKE POGINGS TOT KOÖRDINASIE VAN DIE ONDERWYS. 1926 - 1939.

### 1. Inleiding.

Dit het spoedig geblyk dat die Hofmeyrkommissie geen indruk gemaak het nie en in plaas van 'n mate van eenheid te verkry deur koördinasie, het verdere verdeling plaasgevind van die onderwysdienste. In hierdie hoofstuk kom die volgende vraagstukke onder bespreking ten einde die verdere gang van sake aan te toon.

(a) Algemene Ontwikkeling.

(b) Die Matrikulasieraadkonsessie van 1932.

(c) Beheer in die sogenaamde besondere- en beroepsonderwys.

(d) Beheer in die opleiding van onderwysers.

(e) Koördinasie van onderwyspogings.

(f) Plaaslike beheer in die onderwys.

(g) C.N.O.-aksie.

### 2. Algemene ontwikkeling.

Op die Durbanse konferensie van 1924 is besluit om nie die hoofaanbeveling van die Hofmeyrkommissie te aanvaar nie.[1)]

Behalwe enkele wysigings wat moes volg op die besluite tydens die Durbanse konferensie geneem, soos die Wet op Beroepsonderwys en Spesiale Skole (Wet no. 29 van 1928), en die bepaling wanneer 'n skool 'n inrigting vir beroepsonderwys sou wees, het 10 jaar verloop voordat daar weer 'n poging aangewend is om 'n oplossing vir die probleem van die beheer oor onderwys te kry.

---

1). Interkerklike Komitee: Memorandum, 8.

In 1935 is die Wet op Verdere Wysiging van Provinsiale Subsidies en Belastingbevoegdhede (no.50 van 1935) aangeneem. Artikel 2 van hierdie wet voeg by die omskrywing van hoër onderwys in Wet no.5 van 1922 die volgende:

(i) Onderwys wat vir die opleiding van middelbare skoolonderwysers verskaf word.

(ii) Enige ander onderwys wat die Minister van Onderwys met die toestemming van die betrokke provinsiale administrasie tot hoër onderwys verklaar.[1)]

Die posisie het onveranderd gebly van 1925 tot 1945.

3. Die Matrikulasieraadkonsessie van 1932.

In 1932 vind 'n belangrike ontwikkeling plaas toe die gemeenskaplike matrikulasieraad, wat die toelating tot die universiteite beheer het, besluit dat dit erkenning sal verleen aan die Nasionale Seniorsertifikaat van die tegniese inrigtings vir toelating tot die universiteite. Die konsessie lei tot die direkte intrede op die akademiese terrein deur tegniese kolleges en tot die verdunning van doelgerigte tegniese handelsleergange en -leerplanne om aan die minimum vereistes van universiteitstoelating te voldoen. Dit was nou streng volgens leergangregulasies vir leerlinge aan die tegniese kolleges moontlik om die Matrikulasiesertifikaat te verkry sonder om 'n enkele beroepsvak as eksamenvereiste aan te bied en, andersyds, dat die leerplanne van die vier vereiste hoofvakke noodwendig suiwer akademies gerig is en geensins beroepsgerig nie.

---

1). Pauw: Die Suid-Afrika-Wet en Dubbele Beheer in die Onderwys, 22.
Hersiene Wette van die Unie van Suid-Afrika, Deel VI.

Besonder veelseggend is die finale formele besluit van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad by die vergunning van die erkenning:

„that it be recorded that while granting the exemption, the Board refrains from expressing any opinion on the question whether it is desirable that the Union Education Department should conduct courses leading to an ordinary matriculation certificate, while similar courses are being conducted by the Provincial education department," met ander woorde die Gemeenskaplike Matrikulasieraad wou geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige gevolge van verdeelde funksie en ander anomalieë wat uit die toegewing sou kan voortspruit nie.[1)]

4. Beheer van die sogenaamde besondere- en beroepsonderwys.

Onmiddellik na die Durbanse Konferensie in 1924 het die Unie-onderwysdepartement aan die Administrasie lyste voorgelê van skole en dienste wat aan die hand gegee word om oorgedra te word, en vanaf, 1 April 1925 is 19 Staatsinrigtings en 23 inrigtings deur die Staat ondersteun oorgedra onder Unie-beheer. Die drie Transvaalse Hoër Handelskole is oorgedra op 1 April 1926.[2)]

Wet no.29 van 1928, die Wet op Beroepsonderwys en Spesiale Skole het die beheer van die Uniedepartement van Onderwys nog verder uitgebrei:

„Om voorsiening te maak vir die oprigting van skole vir beroepsonderwys en spesiale skole; vir die beheer en administrasie van sulke skole; vir hulptoelae aan Staatsondersteunde skole en vir sekere ander aangeleenthede in verband daarmee."[3)]

---

1). Interkerklike Komitee: Memorandum, 10.
2). U.O.D.-Verslag, 1925-26. (U.G.no.6-1927), 296.
3). Hersiene Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1927-1929, Deel VI.

Hierdie Wet is ingevoer op 23 Julie 1928 en gee die Minister mag om skole vir beroepsonderwys en spesiale skole op te rig en te onderhou en hulptoelaes aan hulle te verleen.

In Transvaal het dit die nywerheidskool te Potchefstroom en die huishoudskool te Johannesburg gegeld wat deur die Unie-onderwysdepartement oorgeneem is.

Met hierdie wet dan is vir die eerste keer 'n beleid neergelê en 'n direkte verantwoordelikheid vir die voorsiening van beroepsonderwys aanvaar. Vir hierdie dienste was die behoeftes van die provinsiale jeug dan nou aangewys op voorsiening deur die Unie-Onderwysdepartement.[1)]

Met die aanstelling van die Provinsiale Finansies Kommissie (Rooskommissie) in 1933 onder voorsitterskap van J. de Villiers Roos was die moontlikheid van die oordrag van beroepsonderwys aan die Provinsies onder bespreking.

Die volgende inrigtings was daarby betrokke:

(i) Industriële skole onder die Kinder-beskermingswet (No.25 van 1913);

(ii) Tegniese Kolleges onder die Hoër Onderwyswet van 1923 (No.30 van 1923): en

(iii) Beroepskole onder die Wet op Beroepsonderwys en Spesiale Skole 1928 (No.29 van 1928).

Dr. S.F.N. Gie, sekretaris van Onderwys, het reeds in sy jaarverslag van 1932 stelling ingeneem teen die moontlike oordrag aan die provinsies omdat industriële skole en tegniese kolleges onafskeidbaar verbind is met kindersorg en vakleerlingskap onderskeidelik en staatsreëlings i.v.m. hierdie sake wyslik op

1). Interkerklike Komitee: Memorandum, 9.

nasionale grondslag georganiseer moet word.[1] Hy waarsku sterk teen enige oordrag van beheer:

> „Wanneer ek die leerlinge van beroepsonderwys in die oog hou, kan ek nie sonder besorgdheid aan die oordrag van enige deel daarvan aan die provinsies dink nie, en ek het dit my plig geag om teen enige stap in hierdie rigting te waarsku. As daar 'n herverdeling van funksies tussen die Unieregering en die Provinsies i.v.m. die onderwys moet plaasvind, behoort dit na my beskouing volgens konstitusionele beginsel in die Unie-Grondwet vervat te geskied."[2]

Daar moes 'n duidelike skeiding dus gemaak word tussen hoër onderwys en ander onderwys, nl. die Matrikulasiestandaard.

> „Verder met die oog op die fundamentele eenheid van alle beroepsonderwys en sy regstreekse verband met ons nasionale industriële stelsel moet die beheer van alle beroepsonderwys ook 'n funksie van die Unieregering bly."[3]

Sterk vertoë is gerig tot die Rooskommissie deur die provinsies om die skole weer onder provinsiale beheer te plaas sodat alle voormatriekonderwys weer 'n organiese geheel kan vorm onder een Administrasie in elke provinsie. Daar is klem gelê op die ongesonde toestand van verdeelde beheer. Die beperkinge van beroepsvakke in laer en middelbare skole was sterk veroordeel deur byna al die opvoedkundiges wat voor die Rooskommissie verskyn het.[4] Die tegniese kolleges was egter daarteen gekant om oorgedra te word aan

---

1). U.O.D.-Verslag, 1932 (U.G. No.38-1933), 5.
2). Ibid.
3). Ibid.
4). Provinsiale Finansieskommissie, (U.G.46-1934), par. 125.

die provinsies.

Die Rooskommissie beveel aan dat die Beroepskole onder die wet op Beroepsonderwys en Spesiale Skole (No.29 van 1928)(met uitsondering van die opleiding van die blindes, en die doofstommes wat deur die Unie-departement beheer word) aan die betrokke Provinsiale Onderwysdepartemente terugbesorg word. Daar word verder aanbeveel dat:

1. die Provinsiale Onderwysdepartemente voorsiening moet maak vir die volgende tipes leerlinge waar die getalle dit regverdig:

   (a) Hardhorendes (Spesiale klasse);

   (b) Swaksiendes;

   (c) Kreupeles, Tuberkulose, Ondervoedes, Epileptiese;

   (d) Spraakgebrekkiges;

   (e) Subnormales, d.i. I.K.50-75; en

2. die Unie-Regering voorsien helfte van die addisionele uitgawes.[1)]

Geen melding word van die tegniese kolleges gemaak nie.

Dr. A.J. Stals, een van die lede van die Rooskommissie, het 'n minderheidsaanbeveling ingedien. Hy stem saam met dr. Gie, sekretaris van Onderwys, en wil die toestand so laat soos dit ontwikkel het.

Interessant is dit om daarop te let dat die volgende sekretaris van Onderwys, prof. M.C. Botha, in sy jaarverslag van 1933-1934 die teenoorgestelde standpunt inneem as sy voorganger dr. Gie.[2)]:

„Dit vereis geen wonder van logiese redenering of

---

1). Provinsiale Finansieskommissie, (U.G.46-1934), par.215.

2). U.O.D.-Verslag 1934 (U.G.No.46-1935). (Artikel oor Sosiale Aanpassing.)

pedagogiese wysheid om te kan insien dat beroepsonderwys onder die Unie-onderwysdepartement nooit waarlik doeltreffend kan wees nie sonder wesenlike kontak met die primêre skool, vanwaar leerlinge vir ons beroepskole gerekruteer moet word. Middelbare of sekondêre onderwys behoort as 'n eenheid beskou te word en ten nouste by laer of primêre onderwys aan te sluit wat natuurlik nie noodwendig 'n verskeidenheid van sekondêre onderwysinrigtings uitsluit nie.[1]

Die aanbod van die Unie-onderwysdepartement om die aanbeveling van die Provinsiale Finansiële Kommissie aan te neem en die beroepskole aan die provinsies terug te gee, is later uitsluitend weens finansiële oorwegings van die hand gewys.

Prof. Botha meen dat die Unie-regering beroepsonderwys aan die provinsies kan oorhandig en ruim subsidieer, maar dat dit dan ook wenslik sou wees om op meer direkte wyse finansiële beheer oor die uitgawes te hê en die onderwys te inspekteer.[2]

Toe die aanbeveling van die Rooskommissie om beroepsonderwys aan die provinsies te oorhandig onder bespreking was, het die addisionele koste wat dit die provinsies sou meebring 'n struikelblok geblyk en is die aanbod nie aanvaar nie. Daar is egter ooreengekom en besluit om in die geval van landbou 'n uitsondering te maak. Die Minister het na bespreking hom bereid verklaar om 'n toelae van 80% van die werklike koste te gee. Een provinsie het 100% geëis en daardeur die hele plan laat skipbreuk ly.[3]

---

1). U.O.D.-Verslag 1934 (U.G. No.46-1935). (Artikel oor Sosiale Aanpassing).
2). U.O.D.-Verslag 1934 (U.G. No.46-1935).
3). U.O.D.-Verslag 1935 (U.G. No.55-1936), 7.

5. <u>Beheer in die opleiding van onderwysers.</u>

Prof. J. Chris Coetzee wys daarop hoe troebel die toestand ten opsigte van die opleiding van onderwysers was.[1] Universiteitsinrigtings het onderwysers begin oplei vir laer onderwys en provinsiale normaalkolleges het die benamings onderwys-sertifikaat tweede en derde klas vervang deur hulle eie provinsiale diplomas en uiteindelik ook sogenaamde hoër onderwysdiplomas ingestel.

As die opleiding van die onderwysers uit 'n nasionale standpunt besien word, dan lyk die hele toestand chaoties. Ofskoon verskeidenheid nie in sigself verkeerd is nie, wil dit voorkom asof daar in verband met wat waarskynlik die belangrikste saak in die nasionale onderwys is, nl. die opleiding van onderwysers, geen eenheid van doel bestaan nie.

Onderstaande opgawe dui die mate van beheer oor onderwysersopleiding in 1930 deur die provinsies:

| | |
|---|---|
| Kaapprovinsie | 12 opleidingskolleges. |
| Natal | 1 opleidingskollege. |
| Transvaal | 4 opleidingskolleges. |
| Oranje-Vrystaat | 1 normaalkollege. |
| Totaal | 18 Normaal- óf Opleidingskolleges. |

Die Provinsiale Finansiële Kommissie beveel aan dat die opleiding van onderwysers vir beide die laer en middelbare skole deur die Universiteite moet geskied en dat normaalkolleges aan die Unie-Onderwys-

1). Coetzee: Uniale Beleid en Beheer in verband met die Openbare Skoolwese, 58.

departement oorgedra moet word.[1] Die provinsies sou dan beheer verloor oor hierdie aspek van die onderwys.

Dr. W.de Vos Malan, tegniese adviseur van die Superintendent-generaal van Onderwys, professor Louw, vroeër hoof van die Pretoriase Normaalkollege, afgevaardiges van die Transvaalse Onderwysvereniging en die Transvaalse Teachers Association was almal ten gunste van die opleiding van onderwysers deur die universiteite.[2]

Menere F.C. Hollander en S.H. Pellisier het beswaar gemaak teen die meerderheidsverslag soos vervat in par.136, nl. dat die Normaalkolleges aan die Unie-Onderwysdepartement oorgedra moet word en 'n minderheidsverslag ingedien wat die opleiding van onderwysers wou hou soos dit is.

Dr. S.P.E. Boshoff, Direkteur van Onderwys, stel in sy jaarverslag vir Transvaal[3] 'n nuwe skema voor insake die opleiding van onderwysers, nl. om die bestaande Normaalkolleges in Transvaal, met uitsondering van dié van Heidelberg, by die drie Universitêre inrigtings as Opvoedkundige Fakulteite in te lyf. Hiervan het niks gekom nie.

Sedert 1933 verval die Transvaalse Onderwysersertifikate, Derdeklas en Tweedeklas en word vervang deur 'n Transvaalse Onderwysersdiploma.

Op Johannesburg, Potchefstroom en Pretoria het normaalstudente, vanaf 1936 in die geval van die eerste twee inrigtings en 1937 van die laaste, 'n

---

1). Provinsiale Finansiëlekommissie (U.G.No.46-1934), 136.

2). Id., 137.

3). T.O.D.-Verslag, 1932 (T.P. no.4-1933), 21.

graadkursus gevolg aan die plaaslike universiteit terwyl die Heidelbergse Opleidingskollege kandidate in die kollege self voorberei het vir die eksterne eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika.[1)]

Behalwe die studente wat die opleidingskolleges verlaat het, het die Universiteit van Pretoria en die Potchefstroomse Universiteitskollege ook nog kandidate voorberei vir die Hoëronderwysdiploma. Hierdie studente het hulle toegelê op hoërskoolwerk terwyl die studente wat die vierjarige kursus in 'n opleidingskollege gevolg het en terselfdertyd ook nog spesiale endossementkursusse in hoërskoolvakke bygewoon het ook vir die hoërskool voorberei het. Hier vind dus oorvleueling deur die Transvaalse provinsiale opleidingskolleges plaas op die aanvanklike afgebakende terrein van die Unie-onderwysdepartement.

Soos prof. Coetzee dit stel bly die reëling nietemin „verwarrend, verkwistend en teleurstellend."2)

6. <u>Pogings tot koördinasie.</u>

Dr. S.F.N. Gie, sekretaris van Onderwys, pleit in sy jaarverslag van 1929 vir die noodsaaklikheid van groter koördinasie in die onderwys.[3)] Hy erken dat die inter-departementele konferensies 'n mislukking is. Alleen die uitskakeling van die stelsel van verdeelde beheer kan eenheid in die onderwyspoging meebring. Hy glo verder dat uniale beheer nie noodwendig die plaaslike inisiatief sal doodmaak nie. Prof.

---

1). T.O.D.-Verslag, 1936 (T.P.no.8-1937), 63.
2). Coetzee: Uniale Beleid en Beheer in Verband met die Openbare Skoolwese, 58.
3). U.O.D.-Verslag, 1929 (U.G. no.47-1930).

M.C. Botha, Sekretaris van Onderwys in 1935, wys daarop dat daar geen nasionale onderwysbeleid is nie, en die Unie kan dit onder die huidige stelsel ook nooit hê nie.[1)]

Die Rooskommissie het na aanhoor van getuienis tot die gevolgtrekking gekom dat koördinasie essensieel is in belang van opvoedkundige doeltreffendheid en ekonomie. Die Rooskommissie was bewus van die probleem wat dit sou meebring om rade met statutêre magte bo die Provinsiale Rade aan te stel, omdat sodanige rade dan sou indruis op die regte en outonomie van die provinsies. Die kommissie beveel aan dat die Minister van Binnelandse Sake so gou doenlik 'n konferensie van Provinsiale Outoriteite vra om 'n Raadgewende Komitee saam te stel wat dan die nodige koördinasie moes bewerkstellig.[2)]

> „Koördinasie is op die gebied van die onderwys so belangrik dat as dit nie vrywillig deur die Provinsies tot stand gebring word nie, die Volksraad uiteindelik genoodsaak sal wees om dit by Wet te verplig," en verder: „indien nadat so 'n komitee 'n jaar of twee bestaan het, blyk dat dit nie aan sy doel beantwoord nie, moet die Kommissie met teësin tot die gevolgtrekking kom dat die Wetlike kontrole van hierdie sake deur Parlementêre Wetgewing die enigste alternatief is."[3)]

Koördinasie was vir die Kommissie dus 'n belangrike saak.

Die Provinsiale Raadgewende Komitee wat deur die Rooskommissie aanbeveel is, sal bestaan uit

---

1). U.O.D.-Verslag, 1935 (U.G. no.55-1936).
2). Provinsiale Finansieskommissie (U.G.46-1934), par. 139.
3). De Villiersverslag, par. 2010.

verteenwoordigers van die Kabinet en die vier Provinsiale Rade onder voorsitterskap van die Minister van Binnelandse Sake. Dis opmerklik dat in hierdie Komitee wat in die eerste plek die onderwysdienste moet koördineer geen opvoedkundige sitting het nie. Die departementele onderwyshoofde se advies is slegs ingeroep indien dit nodig geag is. In 1935 is inderdaad so 'n Interprovinsiale Raadplegende Komitee aangestel.

Dr. A.J. Stals, een van die lede van die Kommissie, het die swakheid van so 'n Raad ingesien. Volgens hom sou so 'n Raadgewende Komitee die plek inneem van die Nasionale Onderwysraad. Die adviserende magte wat aan so 'n Komitee gegee word sal meebring dat dit niks beter sal vaar as die herhaalde konferensies tussen die Administrateurs en die Unie-regering nie. Hy haal dan ook die Kommissie op die Administrasie van Onderwys 1924, aan.

„The Commission is of opinion that experience demonstrates the extreme unlikelyhood of any effective machinery of co-operation being worked out by joint action among the Provinces themselves. And even if some large measure of agreement is arrived at, there could be no guarantee of permanency, so long as any party to the agreement was quite free to withdraw from it at any time."

Dr. Stals stel op sy beurt 'n Nasionale Onderwysraad, bestaande uit opvoedkundiges, voor wat deur Parlementêre Wetgewing daargestel moet word.

Die lede van die Provinsiale Raadplegende Komitee was die Minister van Binnelandse Sake, Volksgesondheid en Onderwys as voorsitter, die vier Administrateurs en vier lede van die Uitvoerende Komitees. Die ideaal van 'n Nasionale Onderwysraad wat

---

1). Provinsiale Finansieskommissie (U.G.46-1934),106.

die meeste opvoedkundiges hulle jare lank al gestel het, is daarmee, voorlopig altans, die bodem ingeslaan. Die outonomie van die provinsiale regering was 'n onoorkomelike struikelblok in die weg. Die hoofde van die vyf onderwysdepartemente is by die aanvang reeds tot 'n subkomitee oor onderwyssake benoem en het in die loop van die tyd heelwat belangrike onderwysvraagstukke aangepak. Aan sake van gemeenskaplike belang sou aandag gegee word sonder om inbreuk te maak op die outonomie van die Unie of die provinsies.

Prof. Botha wys reeds in sy baie belangrike jaarverslag van 1935[1] daarop dat onderwysaangeleenthede, onverskillig of dit verskaf word in die vorm van skole vir die kinders van die volk of in die vorm van diensvoorwaardes vir onderwysers dieselfde in al die provinsies sal wees. Herorganisasie en koördinasie van alle middelbare onderwys is verder nodig. Hier laat prof. Botha 'n nuwe geluid hoor in die Suid-Afrikaanse opvoedkunde, nl. differensiasie.[2] Hy wil enersyds die kloof oorbrug tussen die akademiese skole onder provinsiale beheer en die beroepskole en tegniese kolleges wat beroepsonderwys gee in skole onder beheer van die Unie-Onderwysdepartement en andersyds wil hy toesien dat die seun en dogter van 15 die gewenste differensiasie op onderwysgebied moet kry. Pogings om die kloof in die verlede te oorbrug, het misluk en die arme adolessent is die slagoffer van die dualistiese stelsel. Prof. Botha voel alreeds op hierdie tydstip dat die enigste uitweg uit genoemde moeilikhede, is om die hele gebied van die middelbare onderwys op nasionale grondslag te rasionaliseer. Dit

1). U.O.D.- Verslag 1935 (U.G. no.55-1936), 7.
2). Id., 8.

kon nie eerder gedoen word nie weens die finansiële onmag van die provinsies. Waar die onderwys dan 'n nasionale aangeleentheid is, behoort die Unie bereid te wees om 'n ekstra subsidie te gee wat spesiaal vir beroepsonderwys bestem moet wees, net soos hy bereid was om die provinsies op 'n spesiale addisionele grondslag vir landbouskole en afwykende leerlinge te subsideer. Omdat dit 'n kosbare tipe van onderwys is, sal nasionale koördinasie van die onderwysfasiliteite nodig wees, selfs wanneer die provinsies vir die administrasie van middelbare onderwys in al sy vorme verantwoordelik sou bly. Ten einde dit op doeltreffende wyse uit te voer, sal daar 'n nasionale raad van onderwys in die lewe geroep moet word, spesiaal belas met die uitoefen van algemene beheer oor die hele middelbare gebied en die bepaling van 'n algemene beleid in die hele land.

Die provinsies beskou ongelukkig enige vorm van algemene beheer met agterdog en as die eerste stap op die weg waarlangs Unie probeer om hulle van hulle sogenaamde soewereine magte te beroof en hulle prestige te ondermyn. In Kanada en die Verenigde State, wat federale konstitusies het en nie soos Suid-Afrika 'n unie is nie, en waar die federale regering slegs 'n baie klein bedrag tot die nasionale koste van die onderwys bydra - selfs daar waar die afsonderlike state uitermate gesteld is op hulle soewereineteit - vind ons dat spesiale toelaes vir onderwys deur die federale regering onder sorgvuldig beheerde voorwaardes gegee word; en hierdie voorwaardes is strenger as die beheer, wat die Unie-onderwysdepartement vandag oor die universiteite en tegniese kolleges uitoefen.[1)]

1). U.O.D.-Verslag 1935 (U.G. no.55-1936), 9.

Ten spyte van die totstandkoming van die Interprovinsiale Raadplegende Komitee, was daar min tekens van 'n nasionale onderwysbeleid en die gewenste koördinasie.[1] Hierdie Komitee moes die beleid neerlê en die rigting van eenheid van beheer aandui.

Die plan van die Rooskommissie het nie die gewenste vrugte afgewerp nie. Die provinsies het hulle outonomie behou, maar koördinasie het in die slag gebly. Die dilemma is maar nog steeds daar.[2]

7. Plaaslike Beheer in die Onderwys.

Keer ons nou na die verhouding sentrale owerheid en plaaslike liggame in die beheer van die Onderwys in Transvaal dan is die vernaamste wysigings in Transvaal gedurende die periode onder behandeling:

(a) Skoolpligtigheid.

In die loop van 1926 het die Uitvoerende Komitee besluit dat vanaf die begin van 1927, kinders bo die ouderdom van ses jaar toegelaat moet word tot die skool.[3]

Administrateursproklamasie no.3 van 1933 bepaal dat met ingang van 17 Januarie 1933, leerplig in skole onder die beheer van skoolrade van krag sal wees op alle blanke kinders tot die voltooiing van die 16de lewensjaar of die suksesvolle voltooiïng van standerd VIII, welke van die twee voorwaardes die eerste mag intree, met dien verstande dat op aanvraag van die betrokke skoolraad magtiging verleen kan word om die

---

1). U.O.D.-Verslag 1938 (U.G. no.59-1939), Hoofstuk III.

2). Meiring: Die Dilemma in ons Onderwysbeheer. (Die Skoolblad, November 1950, 3-8.

3). T.O.D.-Verslag, 1926 (T.P.no.6-1927), 9.

leeftydsgrens binne sy distrik te verlaag tot 15 jaar, dog sonder die reg om die hierbo voorgeskrewe skoolvordering in te kort.[1] Volgens artikel 21 van die skoolwet rus die verpligting op die skoolraad om die regulasies met betrekking tot skoolplig uit te voer. Die magte wat aan die skoolraad i.v.m. skoolplig toegesê is, is slegs uitvoerende beheermaatreëls. Die Administrasie stel in hierdie geval 'n beleid vas en drie skoolrade moet deur plaaslike beheermaatreëls uitvoering daaraan gee.

(b) Skoolbesoekbeamptes.

Die Onderwys Wysigings Ordonnansie van 1927 maak voorsiening vir die herbenoeming van skoolbesoekbeamptes as amptenare van die Departement van Onderwys. Hulle staan onder toesig van die skoolrade. Dit is moeilik om te sien hoe hierdie tweevoudige beheer sal werk.[2]

Sedert 1934 ressorteer skoolbesoekbeamptes nie meer onder die Departement nie, maar wel onder die Provinsiale Sekretaris. Hulle ampstitel is verander tot die van Buite-beamptes en hulle werkkring is vergroot.[3] Dit is moeilik om in te sien hoe dat gladde funksionering van werksaamhede kan plaasvind waar die betrokke amptenaar twee lojaliteite het.

(c). Skoolraadsdistrikte.

Die Direkteur, die heer H.S. Scott, wys daarop dat die vasstelling van die grense van skool-

---

1). T.O.D.-Verslag, 1933 (T.P. no.7-1934), 22.
2). T.O.D.-Verslag, 1927 (T.P. no.8-1928), 18.
3). T.O.D.-Verslag, 1934 (T.P. no.4-1935), 13.

raadsdistrikte wat volgens Volksraadstemdistrikte ingedeel is, nie bevredigend is nie.[1]

(d) Benoeming van onderwysers.

Die heer Scott skryf in sy verslag van 1927 dat daar steeds moeilikheid ontstaan deurdat kommissies en skoolrade soms verskillende stelle kandidate aanbeveel vir ʼn sekere vakature.[2] Die feit is dat, hoewel die wet die bestaan van die skoolkommissies erken en hulle ʼn stem gee in die keuse van onderwysers, dit geen voorsiening maak om in ʼn hoër beroep te kom teen ʼn beslissing van ʼn skoolraad in sulke sake nie. Die skoolkommissie kan hulle nie regstreeks tot die Departement wend nie.

In ʼn ander geval het die Direkteur van Onderwys die derde keuse op ooreenstemmende lyste van die skoolraad en die skoolkommissie aangestel omdat die kandidaat die beste gekwalifiseer is. Volgens die Wet het die Direkteur die reg om een van die gekwalifiseerde kandidate wat die skoolraad aanbeveel te benoem. Die Uitvoerende Komitee het in hierdie geval sy opinie genotuleer dat die Direkteur die kandidaat moes benoem wat die skoolraad en die skoolkommissie eerste geplaas het. Die Direkteur voel dat die Wet sodanig verander moet word om die Direkteur te onthef van die verantwoordelikheid om die minder hoog gekwalifiseerde onderwyser die voorkeur te gee bo die hoër gekwalifiseerde.[3]

---

1). T.O.D.-Verslag 1926 (T.P. no.6 - 1927), 27.
2). T.O.D.-Verslag 1927 (T.P. no.8- 1928), 16.
3). T.O.D.-Verslag 1927 (T.P. no.8 - 1928), 17.

Dr. N.M. Hoogenhout, die volgende direkteur, het 'n soortgelyke probleem gehad.[1] Die skoolrade neem die houding in dat hulle eerste keuse vir 'n fakature outomaties deur die Direkteur benoem moet word. Die Direkteur beroep hom op artikel 78 van die Onderwyswet waarin verklaar word dat die prerogatief by die Direkteur van Onderwys berus om enige van twee applikante wat deur 'n raad aanbeveel word te kan aanstel. Die Direkteur is natuurlik reg, want volgens wet berus die mag by hom om enige van twee kandidate aan te stel. Die skoolrade en die skoolkommissies het slegs adviserende magte.

(e) Junior-Hoërskole.

Op aanbeveling van 'n Onderwyskommissie [2] wat in 1928 benoem is en 'n Memorandum van die Direkteur van Onderwys van 23 Oktober 1930 word oorweging gegee aan die stigting van Junior Hoërskole wat beter sal inskakel by die onderwysstelsel van die provinsie as die intermediêreskole.[3]

In 1935 brei die intermediêreskool op die platteland uit tot die skoolplaas.[4]

Hierdie skole was 'n poging om in die behoeftes van die leerlinge te voorsien wat nie die volle hoërskoolkursus sou voltooi nie.

Met die verhoging van skoolplig moes die provinsie voorsiening maak vir al die leerlinge onder sy sorg. Omdat 'n groot groep leerlinge nie in staat

---

1). T.O.D.-Verslag 1929 (T.P. no.6-1930), 8-9.
2). T.O.D.: Verslag van Onderwyskomitee 1928.
3). T.O.D.-Verslag 1930 (T.P. No.3-1931), 6-11.
4). T.O.D.-Verslag 1935 (T.P. No.4-1936), 17.

is om die volle hoërskoolkursus te voltooi nie, moes die provinsie deur die Junior Hoërskole en die skoolplase vir hulle voorsiening maak. Die Transvaalse Onderwysdepartement wil dus vir 'n mate van differensiasie voorsiening maak vir die skoolgaande leerlinge onder sy beheer.

(f) Wetgewing.

Die Onderwyswet Wysigings Ordonnansie van 1927 het die oprigting van spesiale klasse en skole vir agterlike kinders gewettig.[1]

Mnr. H.S. Scott merk op dat sodra die Provinsiale Departement pogings aangewend het om Spesiale Klasse en skole in werking te stel, om die probleem van die agterlike kind op te los, die Unie-onderwysdepartement in terme van die Beroepsonderwys- en Spesiale Skole Wet (1928) voorstel om self voorsiening te maak vir die onderrig van hierdie kinders. Hy sê:[2]

> „Dit is miskien veroorloof om selfs op hierdie laat uur 'n oorweging te gee dat die teenswoordige gedragslyn van die Unie-departement, waardeur die Provinsiale Departemente van Onderwys onthef word van gedeeltes van hul werk, klaarblyklik sonder 'n deeglike besef van die eenheid van verrigtings op onderwysgebied, nog besuiniging nog doeltreffendheid in die hand werk."

Volgens die letter van die Grondwet behoort Spesiale Klasse onder die beheer van die provinsies en is die Beroepsonderwys- en Spesiale Skole Wet (1928) 'n verkragting van die beginsel.

(g) Skoolraadsverkiesings.

In 1937 het die driejaarlikse verkiesing

1). T.O.D.-Verslag 1927 (T.P. No.8 - 1928), 18-19.
2). Ibid.

van skoolrade plaasgevind. Die Direkteur, die heer H.H.G. Kreft, meen dat die stelsel te duur is en dat posstemming afgeskaf moet word en dat die stemming beperk moet word tot die ouers van skoolgaande kinders in Transvaal.[1] Die reëling was dat alle stemgeregtigdes vir parlementêre verkiesings tydens skoolraadsverkiesings kon stem. Met die voorgestelde reëling sou die ouers meer direkte verteenwoordiging geniet en beheer hê oor die opvoeding van hulle kinders. Waar die ouers meer belang het by die opvoeding van hulle kinders sou dit ook gewens wees dat hulle alleen kon stem en dus alleen seggenskap en beheer kon hê deurmiddel van die skoolrade.

8. C.N.O.-aksie.

(a) Verloop tot 1930.

By 'n konferensie van belangstellendes in laer onderwys, gehou op Heidelberg, Transvaal, is 'n kommissie bestaande uit prof. F. Postma en die hoofbestuur van die Transvaalse Onderwysersvereniging, saamgestel om verder in te gaan op die regte van skoolkommissies.[2] Die kommissie stel voor dat skoolkommissies meer seggenskap moet verkry in die gees waarin die onderwys gegee word en die aanstelling van onderwysers. Dit sou groter belangstelling van die ouers meebring in die onderwys van hulle kinders. Sodanige voorstelle is op 27 November 1928 gelê voor die Direkteur van Onderwys. Op 28 Junie 1929 antwoord die Direkteur dat die Transvaalse Departement van Onderwys nie bereid

---

1). T.O.D.-Verslag 1937, (T.P. no.4-1938), 20-21.
2). Handelinge van die 23ste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk, 1930, Art. III, 97.

is om op die saak in te gaan nie.[1] Die deputante van die Gereformeerde Kerk en die kommissie laat die saak dan daar.

(b) Die Vrye Groepskool vanaf 1930.

Die Vrye Groepskole bestaan daarin dat die ouer-in-gemeenskap skole oprig, onderwysers kies, die gees en die rigting van die skool bepaal en ook bydra tot die onderhoud van die skool.[2] Die staat dra die grootste gedeelte van die finansiële las en beheer die wetenskaplike standaard van die onderwys. Nadat die skool opgerig is, word dit ŉ selfstandige instituut en beheer self die metode van onderwys, leergange, ens. Al drie die opvoedingsmagte of draers (die ouers, die Kerk, die Staat) kry daarin hulle regmatige plek.[3] Prof. Coetzee sien die Vrye Groepskole as ŉ algemene skoolstelsel, terwyl die nog bestaande Staatskole as uitsondering beskou word. Hier het ons ŉ stelsel wat groot ooreenkoms toon met die huidige Nederlandse stelsel.

In prinsipe verwerp die gereformeerde rigting die idee van ŉ algemene stelsel van staatskole net soos dit ŉ algemene stelsel van kerkskole verwerp. Die gereformeerde rigting kan hom nie versoen met ŉ neutrale of selfs gekerstende staatskool nie. Vir die gereformeerdes moet die staatstelsel omgebou word tot ŉ stelsel van Vrye Groepskole, van staatsondersteunde skole.

---

1). Handelinge van die 23ste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk, 1930, Art. III, 97.

2). Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in Transvaal 1859-1937, 52.

3). Ibid.

Op die eerste kongres van die Calvinistiese Bond, gehou te Bloemfontein in Julie 1930 steun lektor L.J. du Plessis van die Potchefstroomse Universiteitskollege prof. Coetzee se uiteensetting.[1] Die Algemene Sinodale Vergadering wat in Maart 1933 in Pretoria gesit het, verleen ook steun aan die rigting.[2] Dit kan as 'n duidelike gereformeerde rigting beskou word.

Op 'n konferensie in sake C.N.O. in Oktober 1935 in Braamfontein, Johannesburg het daar twee sterk uiteenlopende rigtinge oor C.N.O. ontwikkel.[3] Die meerderheid was ten gunste van kerstening van die staatskole en die minderheid waarvan die voorstanders hoofsaaklik gereformeerdes was, het die vrye groepskool voorgestaan. As gevolg van die tweespalt was daar 'n soort skaakmattoestand, wat alle ernstige aksie lamgelê het.[4]

Op 4 Oktober 1935 besluit 'n C.N.O.-kongres in Johannesburg dat die hervorming van die bestaande onderwysstelsel gesoek moet word deur die besliste verchristeliking van alle onderwysinrigtings tot bevrediging van die christenouers, o.a. deur wetsverandering. Dit kan uitgevoer word deur skoolkommissies wat die gees en rigting van die onderwys, en, op advies, van die skoolhoofde, die inhoud van die onderwys bepaal.

---

1). Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in die Transvaal 1859-1937, 53.
2). Sinodale Handeling van die Geref. Kerk, 1933, 104-105.
3). Die Hervormer, 30 Oktober 1935.
4). Coetzee: Id., 53.
5). Die Hervormer, 30 Oktober 1935, 16.
Die Christelike Skoolblad, Januarie 1936, 22-23.

Laasgenoemde sal onderworpe wees aan die goedkeuring van skoolrade en die betrokke Departement van Onderwys. Die skoolkommissie sal nie alleen onderwysers aanbeveel nie, maar eis dat hulle eerste keuse erken sal word ingeval dit in ooreenstemming is met die eise van die betrokke pos. Die skoolrade sal gekies word deur die skoolkommissies en beherende liggame van middelbare skole.[1] Die samestelling van die skoolrade sou dan meer ouerverteenwoordigend wees as wat die geval was en dit sou dit in ooreenstemming bring met die wyse waarop die skoolrade op die Vrystaatse platteland saamgestel word. Die Hervormde Kerk van Afrika en die Ned. Geref. Kerk het akkoord gegaan met die manifes van die C.N.O.-kongres van 1935. Ook die Gereformeerdes het nou aangesluit by eendersdinkende groepe wat C.N.O.-Onderwys op die staatskool voorstaan.

Alhoewel daar in hierdie tyd geen noemenswaardige beïnvloeding deur die C.N.O.-aksie op die Transvaalse Onderwysstelsel hom laat geld het nie, was die hele C.N.O.-rigting besig om in sy eie geledere tot helderheid te kom oor wat hy moet en wil doen onder die veranderde tydsomstandighede.

9. Kritiese Beskouing.

Met die Matrikulasieraad se konsessie in 1932 aan die tegniese kolleges was dit vir leerlinge moontlik om die Matrikulasiesertifikaat te behaal sonder om 'n enkele beroepsvak te volg by 'n tegniese kollege. Hierdeur het die Unie-onderwysdepartement deur Akademiese vakke te gee op die terrein van die Provinsiale skole beweeg - oorvleueling van beheer dus, Be-

---

1). Die Hervormer, 30 Oktober 1935.

roepsonderwys moes volgens die Sekretaris van Onderwys voortaan weens sy regstreekse verband met die nasionale industriële stelsel onder beheer van die Unie-onderwysdepartement bly. Nietemin beveel die Rooskommissie op aandrang van die Provinsies aan dat beroepskole weer onder Provinsiale beheer geplaas moet word. Die addisionele koste wat beroepsonderwys vir die provinsies sou meebring het egter ʼn struikelblok geblyk en die aanbod is nie aanvaar nie.

Die opleiding van onderwysers moet volgens die Rooskommissie onder die Unie-onderwysdepartement ressorteer, daardeur sou oorvleueling van beheer op hierdie gebied uitgeskakel word.

ʼn Provinsiale Raadplegende Komitee, waarop geen opvoedkundige sitting gehad het nie, word aanbeveel om die onderwysdienste te koördineer. Die adviserende magte waarmee die Komitee beklee is, het meegebring dat dit niks beter gevaar het as die vroeëre konferensies tussen die Administrateurs en die Unie-regering nie.

In teenstelling met sy voorganger bepleit prof. Botha, Sekretaris van Onderwys, in 1935 vir ʼn nasionale raad van onderwys om algemene beheer uit te oefen oor middelbare onderwys en om ʼn algemene onderwysbeleid vir die hele land te bepaal. Voorts bepleit hy vergrote subsidie aan die provinsies om beter voorsiening te maak vir gedifferensieerde onderwys, onderhewig, natuurlik aan die nodige beheermaatreëls. Middelbare onderwys moet volgens prof. Botha ʼn eenheid wees. Die provinsies beskou ongelukkig enige vorm van algemene beheer met agterdog omdat die Unie dan daardeur hulle soewereine magte wil beroof. In die V.S.A. met sy gedesentraliseerde onderwysstel-

sel verskaf die federale regering onder sorgvuldig beheerde voorwaardes spesiale toelaes vir beroepsonderwys.

Die provinsies behou egter hulle outonomie en daarmee het koördinasie ook in die slag gebly.

In hierdie tyd hamer die C.N.O.-voorstanders voort om vergrote magte en beheer vir die skoolkommissies te verkry. Die Transvaalse Direkteur van Onderwys is egter heeltemal onwillig om op die saak in te gaan.

Die C.N.O.-voorstanders kom sedert 1930 met ŉ nuwe siening van die eie volkskool, nl. die vrye groepskool, wat sal bestaan uit ouer-gemeenskappe wat skole oprig, onderwysers kies en die gees en die rigting van die skool bepaal en ook bydra tot die onderhoud van die skool. Hier het ons ŉ stelsel wat groot ooreenkoms toon met die huidige Nederlandse stelsel. Die staatstelsel moet omgebou word tot ŉ stelsel van Vrye Groepskole, van staatsondersteunde skole. Na 1935 ontwikkel ŉ nuwe rigting wat wegbreek van die beginsel van Vrye Groepskole, nl. die kerstening van die staatskole.

In Transvaal is die toestand so dat die Transvaalse Onderwysdepartement hom verweer teen die Unie-onderwysdepartement en vashou aan wat hy het, andersyds is die Transvaalse Onderwysdepartement ook onwillig om enige magte af te staan aan plaaslike liggame en om ŉ stelsel te skep wat plaaslike inisiatief en belangstelling sal verseker. Dit word gevoel dat beide die Uniale sowel as die provinsiale departemente nie altyd volgens die beste opvoedkundige belange van die kind optree nie.

---oOo---